

Teks vooraf:

Loof die HERE, roep sy Naam aan, maak onder die volke sy daade bekend! (1 Kron 16:8 AFR1953)

Sing vooraf: Psalm 46

6-
*Hou op, en weet: Ek is die HEER!
Ek is verhoog bo alle vlees;
My sal die nasies sien en eer,
of sidd'rend vir my oordeel vrees.
Die HEER sal in gevaar
sy leërs om ons skaar,
oneindig in getal.
Die God van Jakob sal
vir ons 'n veil'ge vesting wees.*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 48:4

-4-
*Ons wil, o HEER, wat redding skenk,
aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning.
Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning:
die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend
tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog,
rys vol geregtigheid omhoog.*

Skriflesing: Psalm 10

Teks: Psalm 10:1. Kersfees 2009

o HERE, waarom staan U so ver weg en hou U verborge in tye van benoudheid? (Ps 10:1 AFR1953)

Psalm 103:2

2-
*Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe,
genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees;
wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het,
en in die nood is Hy jou hulp gewees.*

Waarom bly die Here ver weg staan? Waarom hoor en sien Hy nie my probleem nie?

Die opmerking het iets in van 'n priester wat ellendes sien, maar op 'n afstand daarvan af wegbly omdat hy nie daarby betrokke wil raak nie. Die Here Jesus vertel ook van iets soortgelyks in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Lukas 10:31vv.)

Kersfees is 'n vredetyd en 'n vreugdetyd. Maar, is dit regtig so, of is daar iets oneerliks in hierdie stelling?

- Kyk hoe lyk ons lewe!
- Kyk na al ons nuusberigte van die afgelope paar dae: Nog 'n bejaarde vermoor. Gewapende roof, kapings, verkrachtings en huisbrake neem toe.
- Het ons regtig vrede en blydschap as ons onself die hele tyd teen die dinge moet beveilig.
- Hoeveel gesinsgeweld gaan daar nou weer wees as gevolg van al die drinkery wat oor die kerstyd in sommige huishoudings gebeur?

Die lysie van ons ellendes raak nog langer as net die dinge wat aan ons "buitekant" lê!

- Daar is nog meer dinge wat aan ons "binnekant" lê - byvoorbeeld siekte en gesinspannings.

Dis ook nie asof ons nie bid dat hierdie dinge nie moet gebeur nie.

- Dit lyk of God ver is!
- Dit lyk so van die kantlyn af asof Hy nie belangstel oor wat alles met ons en rondom ons gebeur nie.

Kom ons gaan kyk in hierdie preek na twee dinge:

- 1. Kom die probleem van buite af?**
- 2. Hoe los die Here die probleem op?**

Is die vyand buite?

Dit lyk asof Psalm 10:2 tog van toepassing is op ons lewensomstandighede:

In sy trotsheid vervolg die goddelose die ellendige. Laat hulle gegryp word in die listige planne wat hulle uitgedink het! (Ps 10:2 AFR1953)

- Daar word teen die wittes gediskrimineer met werk, beurse en wat alles nog.
- Daar word al hoe meer aanvalle op die Christendom in die algemeen gemaak - van buite die kerk, soos byvoorbeeld in die werkplek, wetgewing en ook in die openbare pers.

Al hierdie dinge word gedryf deur menslike denke en politieke beplanning om een of ander groep te bevoordeel.

- Duidelik is al die dinge nie 'n ontplooiing van God se Raadsplan nie.
- Weer kan ons iets van Psalm 10 bespeur in hierdie sake:

Die goddelose, met sy neus in die hoogte, sê: Hy ondersoek nie: daar is geen God nie—dit is al sy gedagtes! (Ps 10:4 AFR1953)

Ons kan so maklik en so graag die vinger na ander toe wys as daar iets verkeerd loop. Daarom maak hierdie Psalm dit duidelik dat die moeilikheid ook van binne af kom. Daar is gelowiges wie se dinge met die Here ook nie reg is nie!

Hy sê in sy hart: God vergeet dit; Hy verberg sy aangesig; vir ewig sien Hy dit nie. (Ps 10:11 AFR1953)

Wie haat God en wie nie, want almal kan nie reg wees nie!
Is die vyand werklik buite die kerk?

- Wat van gesinne wat met allerhande probleme sit: huwelikke wat nie wil werk nie - bloot oor sonde.
- Kinders wat wegbreek van die ouers af of uit die bestaande sisteme uit.
- Venynigheid tussen mense wat nie vir mekaar ruimte wil gee nie - mense wat wrokke loop en koester.

Dit lyk of God ver is! Maar ons moenie glo wat ons dink dit lyk nie! Dis juis nie waar nie.

Dis juis wanneer ons nie vir God wil luister nie of in opstand is teen sy wil dat ons sê: *Dit lyk vir my ...* of die ander ou cliché: *Soos ek dit verstaan... . of: Die saak kan ook anders geïnterpreteer word...*

Die probleem is dat ons so vasgevang raak in die aanvalle op ons en op ons eie seerkry en dikwels diepgewortelde wrokke in ons binneste dat ons God vergeet.

- Ons kan iets soms nie aanvaar en berus nie.
- Sommiges se persoonlikheid is so dat hulle wil veg en verontreg wees - daarom kan ons nie met God se waarheid antwoord nie.
- Is dit nie dalk so dat ons soms self so tekere gaan met dit wat ons oorkom dat ons self ook nie meer by die waarheid is nie en ook nie meer die beeld van God wat ware kennis, geregtigheid en heiligheid is, kan vertoon nie.

2. Hoe los die Here die probleem op?

Wat is die waarheid? God is nie ver nie! Hy het juis naby gekom in die Here Jesus.

- Daarvoor was sy menswording - kersfees - juis nodig.
- Hy het sy teenwoordigheid by ons fisies sigbaar gemaak.
- Hy het fisies gaan sterf sodat ons kon sien wat gebeur terwyl Hy die toorn van God oor ons sondes dra.

Hy is nie ver nie - sy Gees is oor en in ons uitgestort om ons te lei in die volle waarheid!

- Daarom moet ons ophou om die duiwel te verwyf vir alles -
- of net doodgewoon alles wat skeefloop aan die beskikking van God toeskryf.
- Al is altwee hierdie dinge waar, is daar iets anders ook waar: *God het ons in die lewe ingestuur met verantwoordelikheid!*

Ons mag nie agter die duiwel wegkruip vir al die ellendes nie. Ons mag God ook nie verwyf dat sy Raadsplan juis alles veroorsaak nie!

Kersfees is inderdaad die tyd wat ons by hierdie ellendes en selfopgelegde moeilikhede moet verbykyk.

Kyk na die Here self!

Wat sien ons? Ons sien nie 'n God wat verwyt nie.

Ek is dit wat julle troos! Wie is jy, dat jy bevrees is vir die mens wat moet sterwe, en vir die mensekind wat oorgegee word soos gras? (Jes 51:12 AFR1953)

God werk net met ons vorentoe.

- Elkeen op 'n ander manier en in ander omstandighede.
- Daarom staan die volgende vers in die Bybel:

Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maagsel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie? (Ro 9:20 AFR1953)

Die Here Jesus was tevrede met al die swaarkry wat vir Hom uitgemaak was. Hy het dit juis kom verduur en deurmaak sodat ons in die ewigheid daarvan vrygemaak kan wees!

- Die Here Jesus het ook nooit as mens vir God gaan sê: *Waarom moes ek wat die Almagtige God is in armoede wêreld toe kom nie!*
- Hy het ook nooit gesê: *Waarom moes ek 'n timmermanskind wees in plaas van 'n paleiskind nie!*

Hy het wel gevra dat die beker van die kruis by Hom moes verbygaan as God dit sou wou - maar God wou nie!

As ons dus wil kersfees vier - die Here se liggaamlike intrede tot ons aardse geskiedenis - dan moet ons ook die konsekwensies daarvan beseef!

- God is nie ver nie. Hy is hier.
- Maar dit beteken nie dat Hy my roeping tot verantwoordelikheid gaan nakom nie!
- Ons sal dit self moet doen.
- Die wêreld lyk juis so sleg omdat ons dit so sleg maak - die wêreld is 'n spieëlbeeld van ons eie denke en beplanning.

Kersfees leer ons dat God naby is.

- So naby dat ons tot bekering kan kom. So naby dat ons kan luister.
- So naby dat ons met sy krag deur enige spanning en vrees kan kom.
- Hy is so naby dat ons 'n verskil aan al die ellendes kan maak as ons dit in sy Naam doen.
- So naby dat Hy ons straf gedra en ons verander het dat ons goed kan wees.

Maar dan moet ons nie alles probeer wegskuif en voor ander se deur pak nie.

Dan moet ons ons eie verantwoordelikheid aanvaar en met God se waarheid antwoord op dit wat verkeerd is - dis waarvoor ons Here Jesus gekom het en vir ons gesterf het!

Amen

Slotgebed.

Slotpsalm 10;1, 8, 9

1-

*Waarom, o HEER, bly U so ver weg staan?
Waarom is U verborge in die nood -
terwyl die trotsaard, in sy oormoed groot,
dring met geweld op die verdrukke aan?*

-8-

*Ons gee dit oor in al ons kommernis
aan U, o HEER, die helper van die wees.
Verbreek die arm van hom wat U nie vrees,
vergeld die kwaad totdat daar niks meer is.*

-9-

*Die HEER is Koning, ewig en altyd;
geen heidendom of 't moet voor Hom vergaan.
maar die geroep hoor Hy goedgunstig aan
van wie ootmoedig op sy bondstrou pleit*

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr. M.J. du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum 25 Desember 2009